


**A. Bid eers saam –** doen moeite om werklik eers stil te word voordat julle saam uit die Woord gaan lees.

**B. Uit die Woord: Lees Jona 1:17- Jona 2:10** (dit het baie waarde om 2 of 3 verskillende vertalings te lees, bv Afrikaans, NIV, The Message, Lewende vertaling etc – YouVersion bied wonderlike opsies)

**a. Gee vir elkeen dan kans om die verhaal weer op hulle eie in stilte te lees.**

**b. Wat tref jou? Wat het jy raakgelees wat jy voorheen gemis het?**

**c. Watter vrae het jy oor die gedeelte wat jy gelees het?**

**v 17 – God stuur ‘n vis om Jona in te sluk**

Watter argumente maak dit vir ons moeilik om dit te glo?

Watter argumente maak dit vir ons moontlik om dit te glo?

(lees weer 1:9, 1:15 om herinner te word daaraan dat ons hier met ‘n Skeppergod te doen het… vir wie enige iets seker moontlik is…)

**2:1 – Jona begin bid –** in hoofstuk 1 het ons gelees dat Jona nie wou bid nie (1:5, 6, 14)

Abraham Lincoln het eenmaal gesê: ***“I’ve been driven many times to my knees with the overwhelming conviction that I have nowhere else to go.”***

Hoe verklaar dit moontlik Jona se situasie?

Was jy al op punte en plekke in jou lewe waar al wat jy kon doen, of opsie wat jy oorgehad het, was om te bid?

**Ons leer by Jona die volgende oor gebed:**

**i - Gebed is ‘n erkenning van ons magteloosheid**

Hoe het die gebeure van hoofstuk 1 Jona se magteloosheid onderstreep?

Hoekom het dit waarde om jou magteloosheid te erken (om te sink… vir jou planne om nie uit te werk nie…)?

**ii - Gebed open die deur vir die herstel van ons verhouding met God**

Wat maak gebed aan ons verhouding met die Here?

Hoekom bid ons moeilik as ons verhouding met die Here nie reg is nie, daar ongehoorsaamheid en sonde in ons lewens is?

**iii – Gebed gee aan ons die kans om te herfokus**

- Wat erken Jona in sy gebed in die volgende verse oor sy situasie en God se optrede?
  - **v 2 – sy situasie:**
  - **v 2 – God se optrede:**
  - **v 3 – sy situasie:**
  - **v 3 – God se optrede:**
  - **v 4 – sy situasie:**
  - **v 4 – God se optrede:**
  - **v 5 en 6 – sy situasie:**
  - **v 5 en 6 – God se optrede:**
  - **v 7 – sy situasie:**
  - **v 7 – God se optrede:**

**iv – Gebed maak ons oop vir nuwe moontlikhede, vir God nuut te werk**

v 8 is 'n getuienis, waarskuwing van Jona aan sy lesers om nie op enige iets anders as die Here te vertrou nie omdat dit genade steel uit ons lewens uit?

Watter lesse kon jy al leer uit jou ongehoorsaamheid, jou biddeloosheid? Deel dit met mekaar. Watter waarskuwings is daar wat jy vir ander kan gee hieroor? (begin julle antwoord dalk met die sin: "Moenie soos ek…)

**Jona ontdek dat sy gat** (die vis se maag = doderyk, hel, verste plek moontlik van God af – v 2) **'n tempel kan wees** (die plek waar God defnitief teenwoordig is)

**Ons kan weet** dat in ons moeilikste omstandighede, waar ons soms die verste van God af voel, waar alles verkeerd loop – dat God daar is!

C. Hierdie bybelstudie het moontlik die lig van die Woord op 'n hele klomp sake in jou lewe kom skyn. **Gee dit vir die Here…**